higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

N440**(A)**(M28)H

NASIONALE SERTIFIKAAT

ENTREPRENEURSKAP EN ONDERNEMINGSBESTUUR N4

(Eerste Vraestel)

(4090304)

28 Mei 2019 (X-Vraestel)
09:00–09:30

TOEBOEKEKSAMEN

Sakrekenaars mag gebruik word.

Hierdie vraestel bestaan uit 5 bladsye en 'n antwoordblad van 2 bladsye.

Kopiereg voorbehou

DEPARTEMENT VAN HOËR ONDERWYS EN OPLEIDING
REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

NASIONALE SERTIFIKAAT
ENTREPRENEURSKAP EN ONDERNEMINGSBESTUUR N4
(Eerste Vraestel)
TYD: 30 MINUTE
PUNTE: 50

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord AL die vrae.

2. Lees AL die vrae aandagtig deur.

3. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.

4. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou

AFDELING A

VRAAG 1

1.1 Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is. Kies die antwoord en skryf slegs 'Waar' of 'Onwaar' langs die vraagnommer (1.1.1–1.1.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

1.1.1 'n Entrepreneur wat nie beplan om vir 'n banklening aansoek te doen nie, benodig nie 'n sakeplan nie.

1.1.2 'n Entrepreneur is 'n persoon wat 'n nuwe onderneming op die been bring en die risiko dra om daardie onderneming te verloor.

1.1.3 Aan die einde van die bruikhuurtydperk word toerusting teruggee aan die maatskappy wat dit verhuur het.

1.1.4 Die enigste faktor wat 'n mens in aanmerking met neem wanneer jy op 'n ligging vir 'n onderneming besluit, is die sigbaarheidsfaktor.

1.1.5 'n Slagspreuk is 'n slim frase of sin wat iets goeds oor 'n produk, diens of onderneming sê.

1.1.6 Ekonomiese faktore kan verkoopscenario's beïnvloed.

1.1.7 Aandeelhouers kry 'n dividend nadat die maatskappy sy wins aangekondig het.

1.1.8 Impulsiewe aankope is onbeplande aankope.

1.1.9 Die idee met die onewe-prysbepalingstegniek is om vinnige aanvaarding in die mark te kry.

1.1.10 'n Onderneming se prysbeleid bied meer inligting oor die onderneming se algehele beeld.

(10 × 2) (20)

1.2 Gee EEN term vir elk van die volgende beskrywings. Skryf slegs die woord of 'n term langs die vraagnommer (1.2.1–1.2.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

1.2.1 Punt waarteen die totale besteding van 'n onderneming gelyk is aan die totale inkomste

1.2.2 Produkte word eers gekoop nadat klante 'n verskeidenheid soortgelyke en mededingende produkte vergelyk het

1.2.3 Finansiële staat wat 'n opsomming bied van die inkomste en uitgawes wat deur die onderneming gegenereer word

1.2.4 Waarde wat vaste bates met verloop van tyd verloor namate hulle gebruik word

1.2.5 Stelsel waarvolgens 'n mens in gereelde paaiemente vir masjinerie/toerusting betaal terwyl jy die gebruik daarvan geniet

Kopiereg voorbehou

1.2.6 Foto's van bekende persoonlikhede wat op verpakking gedruk word

1.2.7 Uitgawes wat elke maand dieselfde bly

1.2.8 Onderskei 'n produk van soortgelyke mededingende produkte


1.2.9 Koste aangegaan voordat 'n onderneming geopen word en verkoopstransaksie aangegaan word om kontantvloeie te verskaf

1.2.10 Mees algemene instrument om primêre data in te win

(10 × 2) (20)

1.3 Watter kreatiwiteitsmetode is in elk van die volgende prente gebruik:

1.3.1



1.3.2




1.3.3




Eienskappe: kameralens, terugdraaiknop, spieël; sluiterontspannerknoppie, selfontspannerhefboom, flitsuitlaat

1.3.4



+



(8)

1.4 Waaraan dwing die regering ondernemings om te voldoen? (2)
[50]

TOTAAL AFDELING A: 50

Kopiereg voorbehou

ANTWOORDBLAD **EKSAMENNOMMER:** | | | | | | | | | | | | | |

AFDELING A

VRAAG 1

1.1 1.1.1 _____

1.1.2 _____

1.1.3 _____

1.1.4 _____

1.1.5 _____

1.1.6 _____

1.1.7 _____

1.1.8 _____

1.1.9 _____

1.1.10 _____

(10 × 2) (20)

1.2 1.2.1 _____

1.2.2 _____

1.2.3 _____

1.2.4 _____

1.2.5 _____

1.2.6 _____

1.2.7 _____

1.2.8 _____

1.2.9 _____

1.2.10 _____

(10 × 2) (20)

Kopiereg voorbehou

ANTWOORDBLAD **EKSAMENNOMMER:** | | | | | | | | | | | | | |

1.3 1.3.1 _____

1.3.2 _____

1.3.3 _____

1.3.4 _____

(4 × 2) (8)

1.4 _____

_____ (2)

[50]

TOTAAL AFDELING A: 50

Kopiereg voorbehou